24 Oktober 2021

Hoërskool Kategese

Markus 10:46-52

wat wil jy vandag bereik?

Jesus en die dissipels is oppad Jerusalem toe.
Jerusalem staan ook bekend as die Stad van Dawid.
Dawid was die beste / belangrikste koning wat die volk van God ooit gehad het.
Mense het verwag dat iemand uit die nagslag van Dawid hulle sou kom red. MAAR min mense het Jesus raakgesien.
Hier sien(herken) 'n blinde man Hom.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Hoe dink jy moet dit wees om blind te wees?

Wat sal jy die meeste mis om nie te kan sien nie?

In die antieke tyd was al opsie vir 'n blinde om te bedel.

Hoe dink jy moet dit wees om 'n bedelaar op straat te wees?

Hoe reageer jy as 'n bedelaar jou op die straat nader? Waarom?

word stil

God kom julle red!

Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor...

Jesaja 35:4b & 5

Wat het Bartimeus gehad om vir Jesus te gee?

Jesus sê vir Bartimeus hy kan maar gaan.
Maar hy gaan nie. Hy kom agterna.
Hoe verstaan ons dit?

Jesus hoor ons.
Al wil ander ons stilmaak.

Jesus gee wat ons nodig het.
Al het ons niks om terug te gee nie.



GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Markus 10:46-52 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Hoekom maak die mense die blinde bedelaar stil?

Wat sou jy gedoen het as jy een van Jesus se dissipels was TOE die man so skree langs die pad?

Hoekom stop Jesus?

Wat beteken Bartimeus se uitroep?

Wat dink jy het Bartimeus gehoop sal Jesus vir hom gee / doen?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Hoe kry jy vandag Jesus se aandag?

Bespreek:Volgelinge van Jesus weet hulle het niks om te gee nie, maar dit vra alles van jou." Wat kan jy gee? Hoe sal mense weet jy volg vir vir Jesus? Wees prakties

OPDRAG-Vra jouself elke dag die week af:

Hoe het ek vandag vir **God** liefgehad?

Hoe het ek **ander** (nie jou vriende of familie nie) liefgehad?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding